

## Spore Op Die Maan

1. Elke nuwe plan lê hopeloos verfrommel,
2. want iets sê: "Stomme drommel,
3. die ruimte lê vol Rommel"
4. en ek begin verstaan:
5. Daar is geen nuwe oord om heen te gaan,
6. want, kyk, daar lê reeds spore op die maan.
  
7. want die stad blom elke nag,
8. strooi sy saad en skemerdag
9. breek staalspruite teen die aardkors.
10. waar jy gaan.
11. rommelberge groei omheen
12. en daar's swaelsuur in die reën –
13. en, kyk, daar lê reeds spore op die maan.
  
14. Waarheen sou ek gaan?
15. Ontvlug is onbegonne;
16. selfs droom is onbesonne,
17. want die wêreld is oorwonne
18. en ek begin verstaan:
19. Daar's geen nuwe paaie om te baan;
20. Want, kyk, daar lê reeds spore op die maan.
  
21. Elke hektaar is verkoop,
22. elke opstal lê gesloop
23. en die wêreld wag verwese, in die waan
24. dat 'n wonder sal gebeur
25. om sy rusperleërs te keer –
26. maar, kyk, daar lê reeds spore op die maan.
  
27. Vlug na berg of woud...
28. Meen jy dat daar geeneen is;
29. dat jy eindelijk alleen is?
30. Ag, verspieders loer op Venus
31. en ek begin verstaan:
32. Daar is geen nuwe oord om heen te gaan,
33. Want, kyk, daar lê reeds spore op die maan.
  
34. Elke woord is retoriek,
35. elke droom is bloot plastiek
36. en atoom's die idioom van wie verstaan.
37. lewers moet 'n rusplek wees
38. vir die afgematte gees –
39. maar, kyk, daar lê reeds spore op die maan;
40. duisend donker spore op die maan.
41. Kyk, daar lê reeds spore op die maan.

*Koos du Plessis*

## Stylfigure in gedig

Stylfiguur	In die gedig	Verduideliking
Alliterasie: (ook stafrym)	"s" in reëls 6, 8, 9, 12, 13, 16, 20, 25, 26, 33, 37, 41 "l" in reëls 1, 22, 35 "m" in reël 2 "r" in reëls 6, 13, 20, 26, 33, 34, 41 "w" in reël 23 "d" in reël 40 "n" in reëls 5, 32 "k" in reël 21	Opeenhoping van konsonante of beginklanke.
Antitese / Teenstelling	Reël 9	Twee uiterstes word teenoor mekaar gestel.
Apostroof	Reël 28	Die tegniek om iemand in die gedig direk aan te spreek.
Assonansie	"o" in reël 15	Opeenhoping van vokale.
Ellips	Reël 27	'n Sin word nie klaar gemaak nie en die leser moet self 'n afleiding maak.
Enjambement.	Reël 3 na reël 4, reël 8 na reël 9, reël 11 na reël 12, reël 17 na reël 18, reël 22 na reël 23, reël 23 na reël 24, reël 30 na reël 31, reël 35 na reël 36, reël 37 na reël 38.	Die een versreël loop oor na die volgende een sonder leestekens.
Herhaling / Repetisie	Reëls 6, 13, 20, 26, 33, 39, 40, 41.	Woorde of versreëls word herhaal om 'n bepaalde effek te kry.
Klimaks en antiklimaks:	Reëls 6, 13, 20, 26, 33, 39, 40, 41.	Feite word stygend belangriker of minder belangrik.
Metafoor	Reëls 6, 7, 8, 9, 11, 13, 20, 21, 22, 25, 26, 33, 39, 40, 41.	'n Ander betekenis aan iets gee. Dit is soos 'n vergelyking maar die woorde "soos", "nes" en "net soos" is NIE daar nie.
Onomatopée / Klanknabootsing	Reël 1, 8, 9, 11, 11, 12, 22, 23, 25, 37, 38	Die woord boots klanke na.
Personifikasie	Reëls 7, 8, 9	Lewelose dinge of diere kry menslike eienskappe.
Retoriese vraag	Reëls 14, 29.	'n Sin wat eintlik 'n stelling is, word as 'n vraag geskryf.
Sarkasme	Die hele gedig.	Daar word op 'n spottende wyse presies gesê wat bedoel word.
Rymtipes	Drievoudige paarrym met omarmende rym hier en daar.	Kruisrym is waar opeenvolgende versreël rym – abab, cdcd... en omarmende rym is waar woorde van die 1 <sup>ste</sup> en 4 <sup>de</sup> en die 2 <sup>de</sup> en 3 <sup>de</sup> versreëls rym, die rymskema is abba, cddc.
Vers- en Strofebou	Die gedig het 6 strofes en strofes 1 en 4 het ses reëls (sekstet) en strofes 2, 3, en 5 het sewe reëls elk en strofe 6 het 8 versreëls (oktaaf).	Sekstek het 6 reëls en 'n kwatryn het 8 reëls.

Vrae:

1.1. Die gedig handel oor (besoedeling / besetting). (1)

1.2. Haal een woord aan in die eerste versreël wat sê dat baie planne al opgetrek was. (1)

1.3. Al die nuwe planne wat opgetrek was, was (goedgekeur / afgekeur). (1)

1.4. Wat se beeldspraak word gebruik met die herhaling van die "l" in die eerste reël? (1)

1.5. Verduidelik die gebruik van die hoofletter in reël 3. (2)

1.6. Wat se tipe verteller is aan die woord in die gedig? (1)

1.7. Die verteller begin nou verstaan dat (die ruimte op die aarde alreeds uitgeput is / die ruimte in die heelal alreeds uitgeput is). (1)

1.8. Hoekom herhaal die digter die woorde: "kyk daar lê reeds spore op die maan". (2)

1.9. Kies die korrekte antwoord:

Waarvan is die volgende reëls 'n metafoor? (1)

want die stad blom elke nag,  
strooi sy saad en skemerdag  
breek staalspruite teen die aardkors.

- a. Aardbewings.
- b. Stedelike groei.
- c. Bestuiwing van blomme.
- d. Die naglewe in die stad.

1.10. Kies die een wat NIE korrek is NIE.

Waarvan is die volgende reël 'n metafoor? (1)

rommelberge groei omheen

- a. Besoedeling.
- b. Natuur.
- c. Rommel wat meer word.
- d. Vullis wat ophoop.

1.11. Hoekom het die digter "daar's" gebruik in plaas van "daar is"? (1)

1.12. Is die volgende stelling Waar of Onwaar. Haal 'n versreël aan om jou keuse te bewys. (2)

Die spreker kan tog iewers heen vlug.

1.13. "Daar's geen nuwe paaie om te baan" beteken (daar is geen nuwe paaie wat gebou kan word nie omdat daar al te veel is / daar is geen nuwe paaie wat gebou kan word nie, omdat die ou paaie nie op die regte plekke is nie). (1)

1.14. Pas Kolom A by Kolom B. (4)

Kolom A		Kolom B	
1.14.1.	Enjambement	A	rommelberge groei omheen
1.14.2.	Ellips	B	Ontvlug is <b>on</b> begonne;
1.14.3.	Klanknabootsing	C	Ag, verspieders loer op Venus en ek begin verstaan:
1.14.4.	Assonansie	D	Vlug na berg of woud...

1.15. Watter woord wat, ses keer in die gedig herhaal word, dui stedelike groei aan? (1)

1.16. Haal 'n woord aan uit strofe 4 wat aandui dat die wêreld verslae wag vir 'n uitkoms. (1)

1.17. Haal 'n woord aan uit strofe 4 wat aandui dat die mensdom in 'n illusie leef dat 'n wonderwerk sal gebeur. (1)

1.18. Kies die korrekte antwoord:

Rusperleërs is 'n metafoor vir... (1)

- a. klein wurmpies wat al die plante opeet.
- b. omgewingsbewuste organisasies wat uitbreiding teenstaan.
- c. soldate wat die wêreld vernietig met wapens.
- d. swaar masjienerie wat bome en bosse verwyder.

1.19. Pas Kolom A by Kolom B. (3)

Kolom A		Kolom B	
1.19.1.	Elke woord is retoriek,	A	Kernkrag is enigma.
1.19.2.	elke droom is bloot plastiek	B	Wat gesê word, word nie gedoen nie.
1.19.3.	en atoom's die idioom van wie verstaan.	C	Toekomsplanne is onrealisties.

1.20. Haal een woord aan uit die laaste strofe wat aandui dat die spreker nie seker is of daar 'n uitkoms is in die ontwikkelende wêreld nie. (1)

1.21. Herrangskik die volgende stellings sodat die progressie in die gedig duidelik is. (4)

- a. Die natuur is ook al uitgewis vir ontwikkeling.
- b. Planne word opgetrek, maar weggegooi.
- c. Die buiteruim is al wat oorbly vir uitbreiding.
- d. Stede bars uit hulle nate.

## Memorandum

- 1.1. Besetting. (1)
- 1.2. Elke. (1)
- 1.3. Afgekeur. (1)
- 1.4. Alliterasie. (1)
- 1.5. Rommel word met 'n hoofletter geskryf want rommel / besoedling is 'n goort probleem / universeel. (2)
- 1.6. Die ek-verteller / Eerstepersoon. (1)
- 1.7. die ruimte op die aarde alreeds uitgeput is. (1)
- 1.8. Die spreker wil beklemtoon dat die ruimte op die aarde alreeds uitgeput is / dat ons meer ruimte soek en derhalwe alternatiewe plekke buite ons hemelruim verken. (2)
- 1.9. B – Stedelike groei. (1)
- 1.10. B – Natuur. (1)
- 1.11. Ter wille van die ritme van die gedig. (1)
- 1.12. Onwaar – Ontvlug is onbegonne. (2)
- 1.13. daar is geen nuwe paaie wat gebou kan word nie omdat daar al te veel is. (1)
- 1.14. 1 – C, 2 – D, 3 – A, 4 – B.
- 1.15. Elke. (1)
- 1.16. Verwese. (1)
- 1.17. Waan. (1)
- 1.18. D – swaar masjienerie wat bome en bosse verwyder. (1)
- 1.19. 1 – B, 2 – C, 3 – A.
- 1.20. lewers. (1)
- 1.21. B, D, A, C. (4)